2009 Voorsittersverslag

Bron: SABT Raad
Datum: 6 Februarie 2010

Baie dankie vir die geleentheid om namens die Raad van die SABT aan u die lede, en ander, oor die jaar 2009 verslag te doen.

Soos gebruiklik, word hierdie verslag ingelei met vermelding van lede van die Boerboelgemeenskap wat ons gedurende die jaar ontval het: Dr Bernard Marais (lid) en die moeders van Marietha Pieterse, Johan van Wyk en Marileen van Wyk. Ons eer hul opoffering, bydraes en ondersteuning van die SABT en die Boerboelras.

Statistiek
Gedurende 2009 het die SABT 127 nuwe lede bygekry en ‘n totaal van 867 honde is vir keuring regoor die wêreld aangebied. In 2008 is 20 meer honde aangebied. Geboortekennisgewings het egter wêreldwyd toegeneem. Daar was 2 154 geboortekennisgewings, waarvan sowat die helfte via die SABT se webtuiste ontvang is.

Danky die doeltreffende inwerkingstelling en funksionering van nuwe sisteme die afgelope jaar, dui hierdie groeitendens op ‘n blink toekoms vir die SABT.

Finansiële realiteite
Almal van ons ervaar elke dag die druk van die resessie van die afgelope tyd. By die 2009 AJV het lede die Raad gemaan om die SABT se finansies, waarin hulle belê het, met verantwoordelikheid en groot omsigtigheid te bestuur en oordeelkundig te benut. Dit is presies wat die Raad gedoen het! Die SABT sluit 2009 met ‘n oorskot van R43 000 af!

Baie dankie aan Piet Visser en sy span vir die gesonde rekenkundige beginsels waarop ons finansies bedryf word. Baie dankie aan die Finansies- en Administrasiekomitee, asook Leon Marais, ons ouditeur, vir jul noukeurige werk en toewyding. Ek bedank ook ons hoofborg, Montego Classic, vir hulle groot bydrae.

‘n Spesiale woord van dank moet egter aan al ons lede en groot telers gerig word wat die SABT steeds ondersteun.

Die verskeie streekskoue, die Kampioenskapskou en die keurderopleidingkursusse was kenmerkend van die SABT se verbintenis om ons bronne, in die belang van ons lede en die Boerboel, te belê. Aanvoorwerk is ook vir die opgradering van ons rekenkundige stelsel en databasis gedoen, wat sekerlik die belangrikste funksie van ‘n telersvereniging moet wees.

Ander hoogtepunte
Die volgende verdien vermelding:
1. Die SABT sluit die jaar 2009 in ‘n gesonde finansiële posisie af, met voorraad van R61 000 en R382 000 kontant.
2. Voortsetting van die goeie werk t.o.v. kommunikasie met lede. ‘n Goeie voorbeeld is die nuutgevonde belangstelling in die SABT in Noord-Amerika, wat grootliks te danke is aan Shirley Hagler, en die belegging in dié streek se kantoor en webtuiste.
3. Die puik-georganiseerde Kampioenskapskou en streekskoue, wat deur al die groot telers ondersteun is. Nie minder nie as 614 honde het deelgeneem, teenoor 480 in 2008. Baie dankie aan Aldu le Grange en Marileen van Wyk vir hulle leierskap om hierdie diens aan ons lede te kon lewer. Baie dankie aan almal wat deelgeneem het. Ek vermeld ook graag die groot telers, Piet Zyn Drift, Mighty, Al Asaad, Afrika en Spitsvuur vir hulle ondersteuning en deelname in beduidende getalle.
4. Die aanbied van ‘n belynings en kalibreringskursus, wat senior ampsdraers weer opgeskerp het, Die Raad het ook besluit dat die BK ‘n jaarlikse instelling sal wees en dat bywoning verpligtend vir alle ampsdraers sal wees.

Visie vir 2010
Na my mening behoort die SABT in 2010 meer aandag aan die volgende te gee:
1. Die voortdurende verbetering van diens aan lede.
2. Die komiteestelsel - wat reeds suksesvol binne die Raad funksioneer - moet meer toeganklik vir lede wees. Lede moet ten alle tye die geleentheid en vrymoedigheid hê om insette te lewer. Dit sal meebring dat die AJV ‘n byeenkoms word waar kennis uitgeruil word en nuwe uitdagings bespreek word en nie net beskou word as ‘n geleentheid vir kritiek en probleemoplossing nie.
3. Die belegging in ons databasis moet in 2010 prioriteit wees. Hierdie projek moet letterlik die hartklop van ‘n telersvereniging wees. Die resultaat sal manifesteer in die daarstelling van ‘n nageslag-prestasietoetsisteem, wat gedragsevaluering sal insluit. Toegang tot inligting vir lede en telers sal van hoogstaande gehalte wees.

4. Die Raad beplan keurderskursusse vir die Wes-Kaap en Gauteng gedurende 2010. Hierdeur sal nie net ons keurderskorps uitgebrei word nie, maar ook die belangrikste funksie, naamlik die uitruil en verspreiding van kennis, aangespreek word. Die BK-kursus sal vir beide senior keurders en keurders aangebied word.
5. Groter fokus op die bevordering van die Boerboel deur middel van die openbare media. Artikels en radio-onderhoude wat tot dusver gepubliseer is, het belangstelling by lede van die publiek aangewakker en ons moet volhou met die uitdra van ‘n positiewe beeld van die Boerboelras regoor die wêreld.

Afsluiting

Ten slotte bedank ek graag al die Raadslede, die Kantoorpersoneel, Webredakteur, Senior Keurders en Keurders en almal wat in 2009 ‘n bydrae tot die SABT gelewer het. Die sukses van die organisasie is julle werk!

Aan die Raad van 2010: Die SABT is kerngesond. Bou voort op die goeie beginsels en praktyke wat reeds daargestel is. Hierdie Vereniging behoort aan die lede en hul Boerboele, Kom julle verantwoordelikheid en plig na!

Aan al ons lede: Baie dankie vir elkeen se bydrae tot die sukses van die SABT. Hierdie Vereniging het sy sukses te danke aan lojale lede aktiewe lede en telers wat met visie hul bydrae tot die Boerboelras lewer. Doen so voort!

Die SABT bly die enigste ware tuiste vir die Boerboel.

Frans du Toit
Voorsitter: SABT Raad